



*1 Kor 1 : 18 - 28*  
*Christus die krag en die*  
*wysheid van God*

### **Week 7 (Sondag 7 Maart 2021)**

18Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. 19Daar staan tog geskrywe: “Die wysheid van die wysessal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak.” 20Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? 21Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. 22Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, 23maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, 24maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God. 25Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swaakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.

## **VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN**

### **Maandag**

1. Wat is die boodskap van die kruis van Christus
2. Hoekom is dit belangrik vir ons ?
3. Hoekom is dit onsin vir die wat verlore gaan?

### **Dinsdag**

1. Hoe sien jy kennis en wysheid?
2. Hoe bekom ons wysheid en kennis?
3. Wat is God se wysheid wat vir God belangrik is?
4. Hoe kry ons dit?

### **Woensdag**

1. Wat was vir die Jode belangrik?
2. Wat was vir die Grieke belangrik?
3. Hoekom werk Jesus se kruisdood nie vir hulle nie?

### **Donderdag**

1. Wat beteken die Kruis van Jesus vir ons?
2. Hoe sien jy krag van God?
3. Wat beteken die sin vir jou “en wat vir die wêreld die swaakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.”